

BURGER (Kaap Stedelik)
21 Sep 2012, p.15



**Woensdag 17:22** **'n Man van Durban klets op sy selfoon in 'n gehuurde motor terwyl hy op Hospitaaldraai ry. Hy is nie bewus dat 'n lid van die Kaapstadse verkeerspolisie se skim-eenheid voor hom is nie.** Foto's: JAN GERBER



**17:26: Die man is voorgekeer en 'n verkeersbeampte skryf vir hom 'n boete uit terwyl Robin Carlisle, Wes-Kaapse minister van vervoer, toekyk. Die man was op pad lughawe toe om na Durban terug te vlieg, maar daar is vir 24 uur op sy selfoon beslag gelê.**

## SKIM-EENHEID WIL ÓRAL WEES

# Vat selfone, sê minister

## Padsterftes af met 29,2%

**Jan Gerber**

KAAPSTAD. – 'n Man in 'n pienkerige hemp ry Woensdag omstreeks 17:20 op Hospitaaldraai al geselsend op sy selfoon in 'n silwer Volkswagen Polo Vivo.

Voor hom is 'n oënskynlik doodgewone motor – dit kan 'n bankklerk op pad na sy huis in Mowbray wees, vir al wat hy weet.

'n Bus glip oor 'n sperstreep terwyl verkeersbeamptes 'n entjie verder te sien is. Die man laat sak sy selfoon, toet en beduie aan dié verkeersbeamptes om teen die busbestuurder op te tree. Toe hy by hulle verby is, tel hy sy foon op en gesels verder.

Die motor voor die Polo flits skielik blou ligte. Die bestuurder beduie vir die man om van die pad te trek en stil te hou.

Wat hy nie weet nie, is dat die motor voor hom 'n verkeersbeampte – 'n lid van die Kaapstadse verkeerspolisie se skim-eenheid – agter die stuur het en dat dié beampte in sy truspieëltjie die selfoonkletsery dopgehou het.

Om 17:26 is die man afgetrek. 'n Boete is uitgeskryf en daar word vir 24 uur op sy selfoon beslaggelê. Net vier minute tevore was hy salig onbewus dat 'n verkeersbeampte sy oortreding dophou.

Dit is presies die doel van die skim-eenheid. Die eenheid wil 'n alomteenwoordige aanwesigheid op die stad se paaie handhaaf.

Woensdagmiddag se operasie van sowat twee uur – waaraan sewe voertuie deelgeneem het – het die volgende opgelewer:

- Daar is op tien selfone beslag gelê.
- Daar is beslag gelê op een stel nommerplate wat aan 'n voertuig se vorige eienaar behoort.
- Vyf boetes is opgelê aan mense sonder rybewyse.
- Een boete is uitgeskryf vir verbysteek op die skouer van die pad.
- Een lasbrief vir 'n onpadwaardige voertuig is beteken.
- Een boete is vir onbedagsame bestuur uitgereik, en
- 20 boetes vir ongelisensieerde voertuie is uitgereik.

"Die padsterftesyfer kon nie met bykans 30% gedaal het as julle ouens nie gedoen het waarmee julle besig is nie," het Robin Carlisle, Wes-Kaapse minister van vervoer en openbare werke wat die eenheid Woensdag vergesel het, gesê.

Sedert Carlisle se termyn in 2009 begin het, het Wes-Kaapse padsterftes met 29,2% afgeneem. Hy is veral beïndruk deur die nuwe stap om op selfone beslag te lê.

"Dís die ding wat seermaak," het hy gesê.

Nou wil hy 'n soortgelyke plan maak om mense aan te moedig om hul sitplekgordels te gebruik.

Intussen het die man in die pienk hemp 'n probleem. Hy was in 'n gehuurde motor op pad lughawe toe om terug te keer na sy tuiste, Durban, maar die verkeersdepartement sou sy selfoon vir 24 uur hou. Hy het by Carlisle gepleit om as minister van vervoer in te gryp om sy selfoon van beslaglegging te red.

Carlisle het verduidelik dit werk nie só nie.

"*P–ck*," het die man gemompel toe Carlisle wegstap.